Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 13/12/2021

TOTSIENS

Wanneer die jaar tot 'n einde snel, gaan dit altyd ook gepaard met afskeid. Die woord totsiens, skiet egter soms tekort om werklik ons dankbaarheid te kan verwoord. Aan die einde van 2021 groet ons me. Annika van Emmenis: Dankie juffrou vir jou omgee en insette in elke Wonnie se lewe.
Die Wonnies groet dan ook mnr. Leon Langenhoven. Mnr. Langenhoven het diens gedoen as Beheerliggaam-voorsitter. Dit is werklik 'n groot leemte wat hier gelaat word en elke Wonnie wil u werklik bedank vir u absolute diensbaarheid aan die Wonnie-gemeenskap.

HUISUITSLAE 2021

Die algehele huiswenners vir 2021 is soos volg:

RAPPORTE 2021

Leerders ontvang op 15 Desember vanaf 8:00-10:00 hul rapporte. Rapporte word in die leerder se voogklas uitgedeel. Indien 'n leerder egter handboeke uitstaande het óf daar is skoolgelde uitstaande (en geen reëling is getref nie), sal dié aspekte eers afgehandel moet word, voordat die leerder sy/haar rapport kan ontvang.
Handboeke wat verlore is, sal teen 'n koste van R250.00 per handboek vervang moet word. Maak dus asseblief seker dat u kind al sy/haar handboeke terugbesorg.

INENTINGS: COVID-19

Leerders ouer as 12 jaar kan reeds teen Covid-19 ingeënt word. Die Departement van Onderwys het die volgende inenting-stasies spesifiek vir dié behoefte geïdentifiseer:

- **Steve Bikoville Secondary School**
- **Hoërskool Montana**
- **Thornridge Secondary School**

Ouers moet leerders vergesel. 'n Voltooide toestemmingsvorm word vereis en die tye is 9:00-15:00 (Maandae tot Vrydae) en 9:00-13:00 (Saterdae).

Maak gerus van dié hulp gebruik indien u kind nog nie ingeënt is nie.

JUKSKEI PRESTASIES

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot die Gauteng Noord Jukskei span: Dane Kleynhans en Kayla Bishoff (0/19A) en Esrie Venter (0/19B). Hulle al drie gaan deelneem aan die SA Junior Jukskei Kampioenskappe vanaf 10-17 Desember te Kroonstad.

VAKVERANDERINGS

Leerders in **Graad 11** kan **EEN VAK VERANDER** vir hul Graad 12-jaar. Daar is egter belangrike dokumentasie wat teen 15 Desember reeds by die Departement moet wees. Kontak me. Strydom by registrateurs@wonnies.co.za vir meer inligting.

Leerders in **Graad 10** kan **TWEE VAKKE VERANDER** vir hul Graad 11-jaar. Dit hang egter af van plek op die rooster beskikbaar. Dié leerders kan die vakveranderingsvorm by die Tikster-kantoor kry en dan voor of op 15 Desember by me. Strydom ingee.

GRAAD 12 - 2022

Die Graad 12-leerders van 2022 moet reeds teen die einde van Januarie registreer vir hul graad 12-jaar. Die registrasie-proses word deur die skool hanteer, maar elke leerder moet dan 'n wettige SA ID-dokument hê ten einde te kan registreer. Maak asseblief van die vakansie gebruik om hierdie dokumente gereed te kry.

HOËRBOOM-WONNIES

Die leerders wat die eerste plek in hul klas op die HoërboomWonnie-stelsel behaal het, ontvang 'n verrassing saam met hul rapporte! Baie geluk.

KERSGROETE

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF